**17 September** **Skrifgedeelte: Genesis 46:1-34**
**Fokusgedeelte: Genesis 46:2, 3, 4**

## God is by my

God is by my. Wat ’n heerlike waarheid om as gelowige elke dag aan vas te hou! Dit was vir Jakob ook ’n troosryke bemoediging toe die Here vir hom een nag in ’n visioen gesê het (vs 4): “Ek gaan saam met jou Egipte toe …” Die Here het by ’n ander geleentheid ook vir hom gesê (Gen 28:15): “Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan.” Dit is inderdaad een van die wonderlike beloftes wat dwarsdeur die Bybel na ons toe kom – God is by ons. Hy lei ons en beskerm ons. Dis ’n blye bemoediging vir ons elke dag. God is by ons betrokke en ondersteun ons. Hy laat ons nooit alleen nie.

In Jesus se geboorte en lewe op aarde het die belofte dat God by ons is ’n besondere werklikheid geword. Jesus word *Immanuel* genoem wat beteken – “God by ons.” In sy laaste woorde het Hy beklemtoon dat Hy nog steeds vandag by ons is (Matt 28:20): “En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Wanneer die voleinding van die wêreld aanbreek, sal dit een van dié kenmerke wees van die lewe in die nuwe Jerusalem. “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly” (Op 21:3).

Al is jy alleen êrens in ’n woonstel of ’n tehuis vir seniors, al voel jy alleen omdat jy nie baie maats in die skool het nie, God is by jou, Jesus is by jou. Deur die Heilige Gees is God so naby jou dat Hy in jou woon en werk. Wat ’n heerlike troos vir hierdie dag!

*Sing: Psalm 46:1, 6 (1936-beryming)* *Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)*